DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

Voorblad:

Kunswerke geskep deur **Johann Louw** (1965 – …)

DIE SA AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

Voorsitter:	**Prof. Oppel Greeff**
Ondervoorsitter:	**Prof. Ilse Feinauer**
Hoof- Uitvoerende Beampte:	**Prof. Anne-Marie Beukes**

ooo OOO ooo

Noordelike bekroning
14 Julie 2021

Carla Pretorius: Poortprys vir Poësie

Huldigingswoord: Prof. Hein Viljoen

Hannia Kempen: Poortprys vir Prosa

Huldigingswoord: Prof. Thys Human

Marno Grobler, dr. Hertzog Bissett, Gerard Puts en prof. Philip Crouse: Douw Greeffprys vir beste artikel in die SATNT

Huldigingswoord: Dr. Cassie Carstens

Jolyn Phillips: Eugène Maraisprys vir Poësie

Huldigingswoord: Dr. Marni Bonthuys

Fanie Viljoen (skrywer) en Tumi K. Steyn (illustrasies): Tienie Hollowaymedalje vir Kleuterliteratuur

Huldigingswoord: Prof. Andries Visagie

Barkhuizen familieregister **deur wyle Johan Barkhuizen: Hugenote-Vereniging-en-DF du Toit-Malherbeprys vir Genealogiese Navorsing**

Huldigingswoord: Otto Diedericks

Prof. Carolina Koornhof: Erepenning vir Wetenskaplike Vakbevordering

Huldigingswoord: Prof. Madeleine Stiglingh

Mev. Rina Loader: Besondere Erepenning van die SA Akademie

Huldigingswoord: Prof. Jacques van der Elst

Prof. Wannie Carstens: C.J. Langenhovenprys vir Taalwetenskap

Huldigingswoord: Prof. Gerhard van Huyssteen

Prof. Juan Bornman: Stalsprys vir Multi- en Interdissiplinêre Spanwerk

Huldigingswoord: Prof. Danie du Plessis

Prof. Johan Scott: Toon van den Heeverprys vir Regswetenskap

Huldigingswoord: Prof. Niek Grové

Prof. Marion Meyer: Havengaprys vir Lewenswetenskappe

Huldigingswoord: Prof. Kobus Eloff

Prof. Wilhelm Jordaan: Stalsprys vir Sielkunde

Huldigingswoord: Prof. Maretha Visser

Prof. Oppel Greeff: Havengaprys vir Gesondheidswetenskappe

Huldigingswoord: Prof. Somarie Grey

Dr. Francois Malan: MT Steynprys vir Natuurwetenskaplike en Tegnologiese Prestasie

Huldigingswoord: Dr. Jan du Preez

Suidelike bekroning
28 Julie 2021

Prof. Bert Olivier: Jacques van der Elstprys vir beste artikel in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*

Huldigingswoord: Prof. Ina Wolfaardt-Gräbe

Ruan van der Nest: Junior Kaptein Scott-gedenkmedalje (Plantkundige Wetenskappe)

Huldigingswoord: Dr. Pieter Swanepoel

Wilku Meyer: Junior Kaptein Scott-Gedenkmedalje (Plantkundige Wetenskappe)

Huldigingswoord: Prof. Botma Visser

Dr. Vicky Heunis: Protea Boekhuistoekenning vir beste PhD-proefskrif in Geskiedenis in Afrikaans

Huldigingswoord: Prof. Anton van Vollenhoven

Dr. Johan van Zÿl: Protea Boekhuistoekenning vir beste PhD-proefskrif in Geskiedenis in Afrikaans

Huldigingswoord: Dr. Marietjie Oelofse

Johann Louw: Erepenning vir Visuele Kunste

Huldigingswoord: Dr. Jan van der Merwe

Gunther Pakendorf: Elsabé Steenbergprys vir vertaalde Kinder- en Jeugliteratuur in Afrikaans

Huldigingswoord: Prof. Hein Viljoen

Johan Rademan: Erepenning vir Radiohoorbeelde in Afrikaans

Huldigingswoord: Prof. Petrus du Preez

Marius Weyers: Besondere Erepenning vir Rolprent- en TV-kuns

Huldigingswoord: Katinka Heyns

Fred Mouton: Markus Viljoenmedalje vir Joernalistieke Prestasie

Huldigingswoord: Jan-Jan Joubert

Christiaan Olwagen en Charl-Johan Lingenfelder: Deleen Bekkerprys vir beste Rolprentdraaiboek in Afrikaans

Huldigingswoord: Marida Swanepoel

Prof. Janine Allen-Spies: Stalsprys vir Kunstewetenskappe

Huldigingswoord: Prof. Suzanne Human

Hennie Loock: Huberte Rupertprys vir Klassieke Musiek

Huldigingswoord: Charl van Heyningen

Nicola Hanekom: Hertzogprys vir Drama

Huldigingswoord: Prof. Thys Human

POORTPRYS

NASIONALE WENNER: PROSA

Hoender

Hannia Kempen
The High School for Girls, Potchefstroom

Hulle het by vriende van haar ma geslaap; by dié se hoenderboerdery 'n entjie buite Kimberley.

Dit was net een aand, op pad see toe.

Sy het die man eerste gesien, nog voor die donsige kuikens langs die huis of die vlieë wat brommend die man se hande omsingel terwyl hy hulle probeer wegwaai.

Toe hulle oë die eerste keer ontmoet, het haar hart geruk, nie soos 'n kind s'n wat soetgoed kry nie, maar soos 'n springbok s'n voordat die leeu hom verskeur.

Die man en sy vrou was by die kar sekondes nadat hulle stilgehou het. Hulle het haar ma omhels, en daarna op haar toegeslaan. Die vrou het haar vlugtig onder haar arm gedruk, sonder 'n woord. Die man het gegroet asof hulle ou kennisse was: sy lippe vlugtig op hare en sy arms om haar nek. Dit was die eerste keer dat 'n man haar gesoen het.

Die huis het baie kamers gehad.

"Ons hoef mos nie in een kamer te bly nie? 'n Bietjie privaatheid sal lekker wees voor ons 'n bed moet deel by die see," het haar ma vrolik voorgestel. Dit was een van daardie stellings wat nie in vrae verander het net oor daar 'n vraagteken was nie.

Sy het 'n aparte rugsak gepak vir Kimberley: nagklere, badkamersakkie en dít wat sy die volgende dag sou dra. Dit was hoe sy dit altyd gedoen het, juis sodat dit nie nodig was om haar tas in 'n vreemdeling se huis uit te pak nie, en haar ma het dit gewéét.

"Jy kan hier slaap," het haar ma se vriendin gesê terwyl sy die deur oopgestoot het. "My man sê jy gaan te warm kry in die ander kamer. Jou ma het die groter een gevat."

Toe het sy na 'n tweede ingang na die kamer gewys. "Daai deur gaan na ons kamer toe, maar die sleutel is lankal weg." Die vrou het gelyk of sy nog iets wou byvoeg, maar toe daarteen besluit.

Kort daarna was daar 'n mengelmoes van stemme in die gang, en die man het ingekom van buite. In sy arms was haar koffer, en agter hom haar ma.

*

Die vier van hulle het gebraai. Sy het buite langs haar ma gesit en die hoenders dopgehou.

Die kuikentjie was toe nog veilig. Sy het hom dopgehou terwyl hy afgedwaal het van die ander kuikens wat agter hulle ma aan was. Hy het aanvanklik geloer dat hy nie te ver van die bondel af beland nie, maar hy het al hoe verder agter geraak. Hy het gedink hy was veilig omdat sy ma darem nog naby was; omdat hy darem nog kon piep as iets sou skeefloop.

*

Sy was geïrriteerd met haar ma. Hulle plan was om die volgende dag vroeg te ry, maar teen elfuur was die grootmense nog hard aan die kuier. Toe sy probeer skimp dat hulle moet bed toe gaan, het haar ma net ’n hand in haar rigting gewaai.

Fine, het sy vies gedink, en haar stoel hard uitgestoot. Die stemme was vir ’n oomblik stil, en drie koppe het in haar rigting gedraai. “Ek gaan, uhm, bed toe. Verskoon my asseblief,” het sy in hulle rigting gemompel.

Haar tekkies het geëggo op die houtvloere; die enigste geluid aan die stiller kant van die huis waar sy nou was. Totdat daar nog ’n paar voetstappe agter haar ingeval het: haastig, dringend. Sy het geweet wie dit was nog voordat sy omgedraai het om weer in hom vas te kyk.

“Hoekom gaan slaap jy so vroeg?” het die man gevra, sy asem vol Castle en braaivleis.

Sy het haastig haar skouers opgetrek en verder geloop, tot by haar kamerdeur.

“Lekker slaap, Oom.”

*

’n Sleutel wat draai.
’n Stem in haar kop: “Daai deur gaan na ons kamer toe.”
’n Deur gaan oop. Die ánder deur, die een na die slaapkamer langsaan.
Dan, hande. Op haar arms.
Droë lippe in haar nek.
Castle. Braaivleis.
Hande op haar bene. Rillings deur haar hele lyf.
’n Naarheid wat hom tuismaak in haar keel.
Hande waar daar nog nooit hande was nie.
Dan, pyn. Oral.

*

Haar ma het haar die volgende oggend aan haar skouers geskud. Op haar geskreeu, oor die bloed op die lakens. “Mens sou dink op jou ouderdom weet jy al hoe om die blerrie prop te stop. Nou moet ek vir die tannie verduidelik dat jy op haar beddegoed menstrueer het. Of gaan jy self vir haar sê?”

Die leegheid wat vir jare daarna nog in haar beendere sou woon, was daardie oggend al daar: “Jammer, ma.”

Sy moes tóé iets gesê het, voordat haar ma woedend uit die kamer gestorm het oor die vernedering wat haar enigste kind vir haar veroorsaak het.

Later het sy haar tas gepak en stadig oor die houtvloer die gang af gesleep, tot in die kombuis.

Hy het opgekyk toe sy binnekom, die ketel in sy hand: “Koffie?”

Sy het nie geantwoord nie, net by die agterdeur uitgeloop en haar tas in die kar gelaai.

Langs die kar het sy die afgedwaalde kuikentjie van die vorige aand op die grond sien lê waar hy desperaat probeer terugveg het teen die rooimiere wat hom oortrek het. Onbewus van sy lot het sy ma en die ander kuikens ’n paar treë weg gestaan en skrop.

Die sterwende kuiken het desperaat geskop-skop; sy klein vlerkies het oop en toe geklap.

Die kuiken se een oogkassie was leeg gevreet; sy klein lyfie oral vol rooi kolle waar die miere hom bygekom het.

Sy het bly kyk totdat die lyfie stil geword het, toe nader gestap en hom opgetel.

Met die dooie kuiken in haar hande het sy terug in die plaashuis geloop, sonder om ’n woord te sê, tot in die kamer waar sy geslaap het.

Sy het die kuiken versigtig op die bebloede laken neergelê.

Dalk sal die man nou weet hoe ek voel.

Leeg gevreet.

==========

NASIONALE WENNER: POËSIE

Skoolwind

Carla Pretorius
Afrikaanse Hoër Meisieskool, Pretoria

Ek terg jou
van buite na binne
Eks koud
dus steel ek jou hitte
Ek storm ongenooid by klasse in
en bombardeer teenstanders
Ek maak jou skrik
wanneer vensters en deure klap
Ek treiter jou
omdat ek kan
wwwwwwwwwwwwwwwwwww

Ek speel met jou
want ek's eensaam
Ek klou aan jou
omdat ek koud kry
Ek terg jou
uit verveeldheid
Ek wil naby jou wees
maar jy trek jou kleurbaadjie stywer
en versmoor my
sssssssssssssssssssssssss

Ek's ’n skoolwind
tussen stoepe, klasse en trappe
Sal jy my vind
waar ek soos ’n verlore siel dink

Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sfere te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans. Dit behels die lewering van diens aan die samelewing en die belange van alle Suid-Afrikaners. Die Akademie streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie deurlopend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt in, en tree adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op.

2021

DIE AKADEMIE BEDANK GRAAG DIE BORGE VAN DIE VOLGENDE PRYSE:

Hoofborge:	Die Dagbreektrust
	Sanlam
Hertzogprys en Eugène Maraisprys:	Rapport
Eugène Maraisprys:	Leeskringe van SA
MT Steynprys:	Sanlam
Deleen Bekkerprys:	Deleen Bekkerprys Trustfonds
Protea Boekhuisprys:	Protea Boekhuis
Huberte Rupertprys vir Klassieke Musiek:	Rupert Musiekstigting
Poortprys en Poortbundel:	Trust vir Afrikaanse Onderwys
Elzabé Steenbergprys:	Kraal Uitgewers
Hugenote-Vereniging-en-DF du Toit-Malherbeprys:	Hugenote Vereniging